

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 8

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

KAN 'N DOMINEE OOK SALIG WORD?

Onder hierdie titel het daar lank gelede 'n boekie in Duitsland verskyn. Dié vraag hou my daaglik besig. Sien, ek is self 'n dominee.

Dis 'n volmaakte God wat ek aan die mense moet verkondig en daarby: "Wees dan volmaak soos julle Vader volmaak is." (Matt. 5:48). Ek self is 'n onvolmaakte mens met bese gedagtes, aweregse neigings, sondige woorde en daede.

Sien ek nie dalk die splinter in die oog van my broer, terwyl ek self met 'n balk in my eie rondloop nie?

Jesus het gewaarsku, ook vir my en alle dominees: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." (Matt. 7:1).

Dit laat my bang word en vra: kan 'n dominee ook salig word?

Soos ons ons skuldenaars vergewe...

Ek en alle ander dominees is deur ons manier van optrede dalk die oorsaak daarvan dat, wie weet hoeveel, mense van die kerk vervreemd geraak het en nog daaglik raak. Altans, so sê dié mense self. Dis natuurlik maklik om agterna my gedrag vir myself te regverdig. Watter mens is daar wat homself nie kan regverdig nie? Die fariseër sit in elke mens se hart — in my hart, in die hart van alle dominees en ook in u hart.

Miskien is u een van die mense wie se kerklike lewe, as gevolg van u dominee se ontaktvolle optrede, op 'n groot teleurstelling uitgeloop het? Ek sou u dominee se saak kon regverdig deur vir hom die volgende lansië te breek: Jesus was 'n **volmaakte** Leraar en die mense het Hóm gekruisig! Dié verskoning wil ek liever nie vir u leraar aanvoer nie, want daarmee dryf ek u dalk nog verder weg. Ek wil juis hê u moet terugkom... kerk toe!

Het u al daarvoor gedink wat u dominee bo alles van u nodig het: dat u sy skulde moet vergewe! As u weer die Onse Vader bid: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe," onthou dan: ek en al my onvolmaakte kollegas tel onder die skuldenaars wat wag om deur u vergewe te word.

Ons onvolmaakte preke, ons haastige humeur, ons lang gebede, ons nalatigheid, ons onbedagsaamheid, ons ontaktvolle opmerkings is maar nog net die dinge wat openlik aanstoot gee. Ons is ook mense van vlees en bloed wat, net soos u en alle ander mense, daaglik ons innerlike worsteling het met die duiwel, die wêreld en ons eie vlees.

As die worsteling soms vir ons te magtig word en ons struikel en u word daardeur geraak, dan vra ons, vergewe ons dit. Miskien is ons grootste probleem dat dit ook vir ons, net soos vir u en alle mense, so bitter moeilik is om te erken: ek was verkeerd, vergewe my! Vergewe ons hierdie gebrek aan erkentlikheid ook, asseblief.

Die bloed van Jesus

Lag u vir my? Moenie! 'n Mens lag mos nie vir 'n mens wat, al weet hy dat die fariseër hom in die hart sit, tog ook maar die gebed van die tollenaar bid nie, omdat hy besef dat daarin vir hom redding geleë is: o God, wees my, sondaar genadig!

Die bloed van Jesus Christus bedek **alle** sondes, ook hierdie oorgeblewe swakhede van dié wat in Hom glo, maar **Jesus stel ook sy eis: "As julle die mense (dus ook die dominees) hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."** (Matt. 6 : 14, 15).

Ek hoop dat almal wat vir hul dominee kwaad is, hierdie stukkie sal lees — en weer terugkom kerk toe. Ek hoop ook dat al die dominees wat hul lidmate kwaad gemaak het, *of* wat vir hul lidmate kwaad is, hierdie stukkie sal lees — en weer daardie lidmate in liefde sal gaan opsoek.

As ek enigeen, lidmaat of dominee, hiermee te na gekom het, vra ek by voorbaat: vergewe my tog ook maar en mag God ons almal ons skulde vergewe, om Christus wil.

P.W.B.

Beeld van my Skuld

O Wilgeboom,
beeld van my skuld!
So naak en uitgetoë
is ook my siel,
verarmoed en
so diep terneergeboë!
En as die wind
jou rust'loos roer,
dan hoor ek hierdie spraak:
"Al lyk ek nou
so dubbel dood —
ek sal weer herontwaak!"

TOTIUS

So het Totius die winter-wilgerboom besing in sy "Wilgerboombogies".

SKULDGEVOEL

Is daar iemand wat nie 'n skuldgevoel ken nie — soms meer, soms minder; dikwels oor die nietigste dingetjies en dan weer oor 'n groot saak waarin my gewete my aankla.

Ons het almal ons "rekord" van oortredinge: oneerlikheid, ontrouheid, liefdeloosheid en moedswilligheid. Daarby kom die skuldgevoel teenoor God. U kan nie presies sê nie, maar diep in u hart voel u die onrus dat u die verhouding met God verbreek het.

U sal dit nie erken nie, want elke mens wil homself beskerm en handhaaf. Die skuldgevoel: daardie blaffende hond wat my wil herinner dat daar êrens iets verkeerd is, word **verdring**.

Die psigiaters het hulle hande vol om die mense daartoe te bring om van die verdronge skuldgevoel ontslae te raak, want elke verdringing wreek hom op 'n ander plek in die menslike gees. Omdat die verdringing van skuldgevoel só tipies menslik is en omdat ons gees hierdie aksie dikwels so slu voltrek, dat ons amper nie daarvan bewus is nie, wil ons 'n paar verdringingsmeganismes opsom om u op die pad na selfontmaskering te help.

- **Die selfverdediging:**

Die self word van baie dinge vrygespreek, omdat die self so mateloos bewonder word dat dit ondenkbaar is dat my "ek" 'n brutale woord, daad of gesindheid sal koester.

- **Die dwang van omstandighede:**

Dit is die neiging om my sonde te verskoon deur voortdurend ander dinge te blameer as oorsake vir my gedrag. Ek **kon** nie anders optree nie, want magte buite my beheer, dwing my na sekere kante.

- **Die skuldoordrag:**

Hier word die medemens so krities-skerp, negatief en neerhalend beskou, dat ek self buite die lig te staan kom. In die noukeurige navorsing van die ander se sonde sus ek my gewete dat dit met my nie so erg gesteld is nie. In die nadenke oor die skandes van my naaste vind ek vir my eie skuldgevoel 'n bedekking.

- **Die veralgemening:**

Die persoonlike skuldgevoel word ondergedompel in die gesamentlike skuld van die mensdom. Mens oortree daaglik, waarom sal jy jou sonde so geweldig aantrek?

- **Die relativering:**

Hier word die erns van die sonde afgekam as "nie so erg nie." 'n Mens moet nie te fyngevoelig wees nie.

Wat God van ons vra.

Die woord wat al die voorafgaande moet vervang, is berou. Dit is 'n erkenning van die spesifieke sondes in hulle God-onterende aard — die skaamte voor God dat ons innerlik so bedorwe is en, ondanks genade ontvang, só sterk in ons weerstand en so laks in daaglikse bekering is. Met hierdie hartgrondige wete neem ons die toevlug tot Hom deur die vrymoedigheid van die geloof in Jesus Christus. Dan kom die skuldbelydenis en daarna die

vasgryp aan die belofte van die vergewing en die verlange na die vernuwing van die hart.

So 'n geloofswerking loop uit op die heerlike sekerheid van vergiffenis!

W. J. de Klerk.

DIE WARE BEKERING

Vraag:

Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord:

Uit twee dele: die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe.

Vraag:

Wat is die afsterwing van die oue mens?

Antwoord:

Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug.

Vraag:

Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord:

Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 33.

WEG MET DIE DUIWEL

Die kerk van Engeland wou die duiwel uit die pad uit hê. Hulle stel eenvoudig net nie meer in hom belang nie.

Onder 'n Skuilnaam

Dit is "modern". Die mense het so geleerd en ontwikkel geword, dat duiwelpraatjies as kinderbangmaakstories weggelag word. Dit is Satan se voorland, want hy hou van die agtergrondsrol. Sy kuns is die toneel, sy vernuf is om te verander. Hy reis incognito deur die wêreld. Hy is die gees met die duisend gesigte... en nou het hy hom al so goed gekamoufler dat die mense nie meer glo in sy bestaan nie.

Sy grimering is perfek...na die maan met die duiwelstories! Natuurlik het niemand hom nog gesien nie. 'n Gees "voel" 'n mens net, maar jou antennes moet fyn wees, want hy tree op as die vriend van grysaards en as die joviale gasheer van die jeug.

Hy kom in die gestalte van die sjarmante vleier of as die regshandhaver. Sy begeerte na die dood, bied hy aan as 'n belofte van die lewe. Hy bied die gif van die haat aan in die gestalte van die liefde. Hy jaag na die ondergang deur 'n nuwe wêreld voor ons oë te tower. Ja, hy is gevaarlik, want hy kondig homself nie aan nie. Hy is glipprig... hierdie leuenaar en moordenaar.

Wat sê die Bybel?

Daarteenoor bely die kerk 'n duiwelryk met een sentrale aanvoerder, die satan. Êrens in die heelal het hulle 'n spesifieke woonplek. Deur Christus is daar 'n binding, maar in die laaste van dae sal daar 'n ontbinding wees — die nasies sal verlei word en die wêreld sal opgesweep word.

Ons wil nie alles as natuurlik verklaar nie. Ons weier om alle misstande, toenemende ongeregtigheid, rampe en verwildering, maar net die tydsgees te noem. Daar staan in die Bybel dat ons stryd ook teen die bose geeste in die lug is.

Ons wil die verband met die duiwel soek in sowel ons ganse wêreldsituasie as in elke menselewe wat deur siekte, verslawing, ongeloof, misdaad en wetteloosheid ten gronde gerig word. Dit klink naïef, maar ons sê dit op Gods gesag. God moes telkens in sy groot erbarming die puinhoop herstel wat Satan in die geskiedenis nagelaat het.

In die Naam van Jesus Christus

Tog het ons 'n kans teen die duiwel as ons in die Naam van Jesus Christus hom tegemoet tree. Hy is Duiweloorswinnaar en sy krag is ons deel deur die geloof. Die satan wil graag hê dat u hom na die maan moet stuur, maar Christus wil hê dat u hom aan die bors moet gryp.

Het u al daaraan gedink dat die oorsaak van u lewensverwarring by Satan lê? U maak nuwejaarsvoornemens, u probeer om bo die modder uit te kom, maar alles help niks nie. Veg u nie al die tyd in die wind nie? U vyand staan vir u en lag en koggel en u staan magteloos, omdat hy u oë verblind het.

U is geneig om God te verwyt dat Hy u al die leed aandoen, maar u het vergeet van hierdie

parasiet van die donker. Satan is nie na die maan nie, maar hier in u huis — 'n grillige gedagte. Jou vuiesies is te klein vir hom, vriend. As jy Satan eers ontdek het, sal jy ook verstaan dat jy Christus nodig het.

W. J. DE KLERK.

NET DIE HELFTE GEËRF?

Een van die bekendste konings in die geskiedenis is Salomo. Daar word vandag nog met groot bewondering na Salomo opgesien. Tydens sy regering het ons 'n bloeitydperk in die geskiedenis van die volk Israel — 'n tyd van voorspoed, van ekonomiese welvaart, van binnelandse rus en buitelandse vrede. Ons vind 'n treffende bewys hiervan in 1 Kon. 4:20: "Juda en Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte; hulle het geëet en gedrink en was bly."

'n Ryk erfenis:

Hierdie toestand vorm 'n mooi ooreenkoms met die belofte wat hulle voorvader Abraham van God ontvang het. Dit bestaan uit twee dele, nl. talrykheid en die beërwing van 'n vaderland... Kanaän. Daarvan lees ons in Gen.17 die volgende: "En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder..." Dan verder: "En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän."

Albei hierdie beloftes het in vervulling gegaan. Juda en Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte. Hulle woon nie meer in vreemdelingskap nie, eet nie meer brood van rondswerf en verdrukking nie, maar eet hul eie vaderland se opbrengste: "hulle het geëet en gedrink en was bly." Hulle het pragtige dinge geërf. Geen wonder dat hulle beskryf word as 'n blye volk nie

Kan u sien wat haper?

Tog het hulle net half geërf. Daar haper iets. Kan u dit sien? Kyk mooi na die woorde: "Juda en Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte; hulle het geëet en gedrink en was bly." Kan u sien wat daar skort? Ja, 'n mens moet fyn oplet om dit raak te sien, maar as jy dit eers gesnap het, is dit eenvoudig en baie duidelik.

Die fout lê nie by wat daar van Israel gesê word nie — nie in die talrykheid nie, ook nie in die eet en drink en bly wees nie. Vrolikheid en blydskap was nog nooit verkeerd nie. Blymoedigheid is immers een van die mooi eienskappe in 'n mens.

Die fout lê elders: wat daar nié van Israel gesê word nie; wat daar in die beskrywing ontbreek. Kan u dit raaksien? Laat ons weereens die belofte aan Abraham van naderby bekyk. Benewens die belofte van talrykheid in 'n vaderland, word ook beloof: "En Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou." Daar lê die kern van die saak: "om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou..." dus die persoonlike verhouding tot God.

Gawes of Gewer:

Israel het in Salomo se tyd deel gehad aan die gawes (die vaderland en volksvermeerdering), maar nie juis aan die Gewer (die persoonlike verhouding tot God) nie. Daar kan van hulle slegs gesê word: "Juda en Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte; Hulle het geëet en gedrink en was bly". Dit is al. Verder kan daar niks meer gesê word nie. Daar kom 'n spanningsvolle stilte na die mooi getuienis. Ja, hulle het mooi dinge van Abraham geërf, maar hulle het net half geërf!

'n Mens voel geneig om te sê: tog snaaks dat hulle die leemte nie ingesien of aangevoel het nie, maar my vriend/vriendin, dit is besonder moeilik om jouself objektief te beskou. Veral

wanneer jy voorbeeldig leef en daar niks slegs oor jou lewe te sê is nie; ja, veral dan is dit moeilik om in te sien dat dit met jou lewe skeefloop.

Wat u geërf het:

Neem nou maar u self. Beskou u eie lewe net so krities as dié van Israel. Toets u eie lewe aan die woorde: "Juda en Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte; hulle het geëet en gedrink en was bly." Daar word niks slegs gesê nie... daar is net maar 'n leemte...

Ons het self baie geërf. Ons deel nog in die lieflike gawes van ons Calvinistiese voorouers. Ons dink met respek en dankbaarheid terug aan hulle voorbeeld en die erfenis wat hulle aan ons nagelaat het.

Dit is alles gawes, maar wat van die Gewer? Wat van die persoonlike verhouding tot God? Wat van die intieme lewe met Christus? As 'n mens in Hom glo, eis Hy jou lewe geheel-en-al op. Hy lê ten volle beslag op jou lewe. Hy druk sy stempel op jou lewe af en wel in so 'n mate dat dit nie verswyg kan word nie. As daar 'n beskrywing van jou lewe gegee word, kom dit vanself voor die gees, is dit een van die eerste dinge wat genoem word, want dit is alles oorheersend.

Dan het jy nie bloot blydschap soos Israel nie, maar iets wat nog veel dieper is: geluk, want dan het jy nie slegs half geërf nie, maar ten volle... die volheid in Christus: 'n volheid wat jou lewe nuwe glans en rigting en waarde gee.

J. L. HELBERG.

MOENIE MY LASTIG VAL NIE

Hier het u die baie tragiese verhaal van sewe ryke dwase. Hoe anders sou die verhaal geëindig het as hierdie sewe manne gedoen het wat Jesus in Matt. 6 : 31 — 33 gesê het: "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

'n Belangrike vergadering.

Chicago, die wêreldstad.

In die Edgewater Beach Hotel is 'n belangrike konferensie aan die gang. Streng bevele is gegee dat die mense nie lastig geval mag word nie. Van die wêreld se mees suksesvolle finansiers was byeen. Hulle was besig met geldsake waarby baie lande betrokke was en hulle besluite sou op die aandelemarkte soos Wallstraat, Johannesburg en Londen 'n sterk invloed hê.

So af en toe het 'n bode in uniform in- en uitgeglip, maar dit was ook al. Almal was onder die indruk van die belangrikheid van hierdie konferensie.

In die greep van Mammon.

Hierdie mense was met groot sake besig en 'n mens moes nie een van hulle lastig val met die minder belangrike dinge waarin die gewone mense belangstel nie. Dink maar net wat 'n opskudding dit sou veroorsaak het, indien iemand 'n evangelisasietraktaatjie aan een van hulle wou oorhandig!

Die skatte wat deur hierdie groot manne beheer is, was meer as die geld waaroor die Tesourie van die Verenigde State beskik het.

Die koerante kon nie uitgepraat raak oor die sukses wat hierdie mense behaal het nie en hulle het hulle as 'n baie goeie voorbeeld vir die jeug gestel. Dit was nou 'n voorbeeld wat gevolg kan word.

Waarom sou 'n mens lees van die arme Lasarus, as die verbeelding deur die magtige organisasievermoë van Ivar Krueger geprikkel kon word. Dit het seker maar moeilik gegaan om die mense nog in kulturele sake belang te laat stel, terwyl die Groot Kapitaal die verbeelding so weggevoer het.

Daar was mense wat geredeneer het dat die onderwys van Geld- en Bankwese op skole aandag behoort te geniet. As gevra word waar die nodige aantal periodes vandaan gekry moes word, is geantwoord dat minder tyd bestee kon word aan Geskiedenis en veral Bybelgeskiedenis. Hierdie dinge het tog geen waarde nie en is op hul beste maar net lastig vir mense wat 'n sukses van hul lewe wil maak.

Wat het van hulle geword?

Sewe-en-twintig jaar later het 'n jong joernalis wat wel in Geskiedenis belanggestel en in koerantlêers van hierdie wonderlike wêreldkonferensie gelees het, gewonder wat van die Groot Sewe geword het. Hy het ondersoek ingestel. Die volgende was sy bevinding:

Charles Schwab, die staalmagnaat, het die laaste vyf jaar van sy lewe van geleende geld gelewe en het sonder 'n pennie in sy sak gesterf.

Arthur Cutten, die graanhandelaar, het na die buiteland uitgewyk. Toe hy gesterf het, was sy boedel bankrot.

Richard Whitney, die vroeëre president van die aandelemerk was weer op vrye voet, nadat hy 'n aantal jare in Sing Sing, die bekende gevangenis, deurgebring het.

Die vroeëre kabinetsminister, Albert Fall, is uit die tronk vrygelaat, sodat hy tuis kon sterwe.

Jesse Livermore, die spekulant, het selfmoord gepleeg.

Leon Fraser, die internasionale bankier, het selfmoord gepleeg.

Ivar Krueger, die vuurhoutjiekoning, het selfmoord gepleeg.

Hierdie manne het geleer hoe om geld te maak, maar nie een van hulle het geleer hoe om te lewe nie.

Het U al?


A. J. v. R.

Ploegtyd!

Die skaar wat deur die aarde skeur en diep sy donker weë ploeg, terwyl die geil, swart soorie opstoot teen die rysterplaat.

Die geur van vars gebrakte grond wat byna jou asem wegslaan en ou-ou stemme uit jou eie plaasverlede diep in jou hart laat praat. Dis ploegtyd! Wat 'n heerlikheid!

Al sit jy in die stad in 'n kantoor wat hoog ingemessel is in die klowe en kranse van beton, die woord ploegtyd maak iets wakker in die hart van 'n Afrikanerseun.



Daar woon vandag duisende van ons eie mense in die dorpe en stede van ons land met 'n hart wat siek is van verlange terug plaas toe en wat alles sou gee om self, soos die omie in die skets, op die trekker te sit en diep vore deur die geil, geurende aarde te trek.

Moeilik om te sê presies wat, maar daar sit iets in boerdery en spesifiek in ploëry, wat baie diep tot 'n mens se siel spreek. Ploeg en plant is primêre lewenshandeling waarmee ons hele voortbestaan gemoed is.

Die mooie van boerdery is dat die kleine mens dikwels op die plaas, soos nêrens elders, in 'n worsteling om lewe en dood met die oorweldigende kragte van die natuur gewikkel is... droogte, oorstroming, stormwinde, hael.

As daar 'n mens is wat sy afhanklikheid van God die Skepper leer ken, is dit die boer.

In die sfeer van die religieuse.

Dit bring ons in die sfeer van die religieuse. Gee ons vandag ons daaglikse brood! Geen wonder dat die Bybel op talle plekke na die ploeg en die akker en die saaibedryf verwys en dit direk met ons verhouding tot God in verband bring nie.

"Ploeg die ploëer die hele dag om te saai? Skeur hy sy akker oop, en eg hy die hele dag?" (Jes. 28:24). So vra die profeet met die doel om Israel te troos dat daar aan hulle beproewinge 'n einde sal kom.

"Braak vir julle 'n braakland, en saai nie onder die dorings nie." (Jer. 4:3). So sê die Here vir die inwoners van Jerusalem as hulle hul uitwendig bekeer maar 'n hart vol dorings en distels daarop nahou.

"Kan perde op rotse draf, of kan 'n mens met osse daarop ploë?" (Amos : 12). So vra die profeet aan Israel as hulle die reg verdraai en die geregtigheid krenk.

Wie ken nie Jesus se pragtige gelykenis van die saaiër wat sy saad (die evangelieboodskap) gesaai het langs die pad, op die rotsagtige plekke, in die dorings en op vrugbare akkers nie?

God se ploegtyd.

Ons hart is God se saaiakker. Ons lewe is God se ploegtyd. Siekte, teleurstellinge, skokke, verrassings — dis God se ploegskare wat deur ons lewens skeur. Hier is troos vir u: God ploeg nie maar om aan te hou ploeg nie. Hy ploeg om te saai, maar is u akker gereed om die saad te ontvang? Ploeg God nie dalk u lewenslank al op rotse nie? Is die akker nie dalk vol dorings en distels nie?

Die oestyd kom!

Die oestyd kom — die oordeelsdag. Dan sal die hemelse Landman, Jesus Christus, die goue gerwe van die een akker af na die hemelse skure dra. Die ander akker sal aan die vervloeking prysgegee word, omdat dit enduit rotsagtig, vol dorings en onvrugbaar was.

Watter van die twee is u lewensakker?

Watter van die twee is u hart?

P.W.B.